**Aanddiens**: 29 Maart 2026
**Leraar**: Johann Herbst
**Tema:** Die 5 Elemente van Vernuwing

## ASYN – SONDE EN DIE BITTERHEID VAN DIE MENS

Asyn verteenwoordig bitterheid, sonde en gebrokenheid.

**Romeine 5:12, Psalm 69:22**

Hierdie Skrif wys profeties na die kruis, maar ook na die mens se toestand. Sonde bring bitterheid. Die wêreld bied nie lewe nie, maar asyn vir die dors. Selfs aan die kruis word asyn vir Jesus aangebied **Matteus 27:34**. Hy drink die bitterheid van sonde wat ons verdien.

**Waarheid:**
Ons sonde het bitterheid gebring, maar Jesus neem dit op Homself.

## SOUT – DIE VERBOND VAN GOD

Sout spreek van verbond en die wet.

**Levitikus 2:13, Romeine 3:20, Matteus 5:17**

Sout simboliseer God se verbond met Israel en Sy wet. In die Passieweek kom Jesus en vervul die wet. Hy word die perfekte offer en bring 'n nuwe verbond.

**Hebreërs 10:10**

**Waarheid:**
Sy dood was die offer van 'n nuwe verbond.

## HEUNING – DIE WOORD WAT VLEES GEWORD HET

Heuning simboliseer soetigheid, lewe en openbaring.

**Johannes 1:14**

Jesus is nie net 'n boodskap nie; Hy is die Woord.

**Waarheid:**
Die Woord het gekom.

## WYN EN BROOD – DIE KRUIS EN DIE NAGMAAL

Hier kom alles bymekaar.

Donderdagaand sit Jesus saam met Sy dissipels. Hy weet wat kom:

Judas gaan Hom verraai
**Matteus 26:21, Johannes 13:27**

Petrus gaan Hom verloën
**Matteus 26:34, Lukas 22:31-32**

Die kruis wag
**Matteus 26:2, Johannes 12:27-28**

Tog breek Hy die brood

**Matteus 26:26-28**

Jesus was die voete van Sy dissippels.

Jesus is ontsteld in Sy gees **Johannes 13:21**.
Judas gee homself oor.
Tog wys Jesus steeds liefde.
Hy sluit selfs Sy vyand by die tafel in.

Die volgende dag word Hy gekruisig.

**Markus 15:25**

Hy word eers geslaan. Hy dra Sy kruis, maar is te swak, en Simon van Sirene help Hom. Hy word gespot, geslaan en verneder. Hy word naak aan die kruis vasgespyker. Sy arms word uitgestrek. Spykers gaan deur Sy hande en voete. Sy liggaam hang en Hy sterf stadig. Hy weier verdowing en kies om die volle pyn te dra. Hy vlug nie van die kruis nie;
Hy voltooi die werk.

Geestelik gebeur iets groots.

**Johannes 12:32**

Die kruis bring oordeel oor sonde, oorwinning oor Satan en redding vir die mensedom.

**Waarheid:**
Sy liggaam is gegee en Sy bloed het gevloei sodat ons kan lewe.

## OLYFOLIE – DIE HEILIGE GEES EN DIE NUWE ERA

Die opstanding bevestig alles.

**Matteus 28:6**

Olyfolie simboliseer salwing en die Heilige Gees.

**Handelinge 2:1-4**

Die verhaal eindig nie by die kruis nie. Na die opstanding en hemelvaart volg die uitstorting van die Heilige Gees. Volgens Jesus se belofte in Johannes 14-16 kom die Gees as Helper.
Hy gee krag en lei in waarheid.

Alles verander.

Die dissipels verander van bang na vrymoedig.
Die kerk begin met krag.
Die sendingwerk begin wêreldwyd.

Waarheid:
Wat Jesus aan die kruis begin het, word deur die Gees in die kerk voortgesit.